Resensies / Reviews

HENDRIKS, J. *red.* **1992. Gemeentes vertel. Verandering in 'n Christelike geloofsgemeenskap**. Kaapstad : Lux Verbi.

Resensent: J.M. Vorster (Dept. Ekklesiologie, HTS/PU vir CHO).

Hierdie publikasie is 'n tweede publikasie in die reeks: *Gemeente en bediening.* Volgens die skrywers is die publikasie bedoel om die diskussie oor hierdie aangeleentheid verder te voer. Die boek bevat verskeie gevallestudies van verskillende gemeentes. Daar word eers 'n algemene profiel van die gemeente geskets, dan volg 'n beskrywing van veranderinge wat plaasgevind het en die resultate wat die veranderinge meegebring het. Aan die einde volg 'n samevattende gevallestudie, waarin die gemeentebouproses van *ontvriesing – transformasie – implementering* uiteengesit word. Verskeie skrywers het hieraan meegewerk en hulle analises en besprekings is populer-wetenskaplik van aard.

Die vertrekpunt in hierdie boek is nie teologies of Bybels van aard nie, hoewel dikwels verwys word na Bybelse terme. Die bestaanswyse van die gemeentes word oor die algemeen sosiologies beoordeel en daaruit word bepaalde konklusies getrek. Voorstelle vir verandering word vanuit 'n ander model aangebied. Deurgaans word die gemeentelike doodsheid toegeskryf aan die 'herder-kuddemodel'. Daarmee word bedoel dat die gemeente onder leierskap en selfs dominasie van die dominee 'n starre na binne gerigtheid en onveranderlikheid toon. As antwoord word gesoek na 'n 'liggaamsmodel' wat beteken dat die gemeente 'n aktiewe groep mense is wat organies soos 'n liggaam funksioneer en waarin elkeen aktief betrokke is. Juis in die teenstelling van die 'herder-kuddemodel' en die 'liggaamsmodel' is die gebrek aan teologiese perspektief sigbaar. Modelle wat teologies aanvullend van mekaar is, word sosiologies teen mekaar afgespeel. Bybels gesien, is die gemeente 'n kudde waarin geroepe dienaars 'n roeping vervul tot opbou van die liggaam (Ef. 4). Die gemeente is ook 'n liggaam waarin die onderskeie lede 'n eie unieke werking het (1 Kor. 12 ens.). Albei modelle en ander (bv. wingerstok en lote, volk, gebou ens.) moet fundamenteel dien in enige definisie van kerk en bediening.

Die eensydige beklemtoning van die liggaamsmodel in sosiologiese sin lei daartoe dat die transformasie en implementering wat deurgaans voorgestel word, weinig maak van die diens van veral die ouderling en die diaken. Die predikant verskuif van bedienaar van die Woord na 'n 'fasiliteerder' van verandering. Die 'herder-kuddemodel' word so negatief beoordeel dat dit eintlik 'n karikatuur maak van die beginsel van die gereformeerde bedieningsaksent dat Christus deur die dienste die gemeente opbou tot eer van God.

Die skrywers wil duidelik 'n bydrae maak tot beter bediening en wil groter betrokkenheid van gelowiges beklemtoon. Hulle wys tereg op die lae peil van geloofsaktiwiteit en roepingsbesef by kerklidmate en wys op die voorkoms van nominale Christenskap. Hiervoor moet waardering betuig word. Maar wie bediening wil reformeer, moet by die Skrif begin en nie by die sosiologie nie.

Die kerk sal alleen leef en blywend leef as hy voldoen aan die ryke verskeidenheid van al die Bybelse modelle wat gebied word. 'n Suiwer teologiese vertrekpunt oor die kerk en bediening, aangevul deur bruikbare bydraes van alle hulpwetenskappe, sal die pogings in hierdie publikasie meer oortuigend maak. Anders word een eensydige model slegs deur 'n ander eensydige model vervang.

DE BRUYN P.J. 1993. Die Tien Gebooie. Midrand: Varia Uitgewers 331 p. R 49,95.

Resensent: N. Vorster (Gereformeerde Kerk Pretoria-Oos)

P.J. de Bruyn is 'n reformatoriese etikus wat reeds bekendheid verwerf het met sy geskrifte en lesings oor sake van godsdienstige aard.

In sy jongste boek slaag hy daarin om 'n breë spektrum van etiese kwessies op verstaanbare trant te bespreek. Hierdie publikasie oor die Dekaloog het 'n populêr-wetenskaplike inslag, en is dus maklik leesbaar en uiters leersaam vir almal wat in hedendaagse morele vraagstukke belangstel.

Op die vraag of nog 'n publikasie oor die Tien Gebooie tans werklik nodig is, antwoord die skrywer tereg dat die Christen vandag met vele ou en nuwe etiese vrae gekonfronteer word. So is Satanisme 'n ou vorm van afgodery, en surrogaatmoederskap 'n produk van die moderne mediese evolusie, en sulke sake verg deurlopende prinsipiële besinning.

Die boek is in 13 hoofstukke verdeel waarvan elkeen 'n magdom gegewens bevat. Uiteraard is dit onmoontlik om in 'n beperkte bestek 'n volledige samevatting van die inhoud te gee.

In die eerste hoofstuk oriënteer die skrywer die leser met sekere etiese definisies en onderskeidings. Belangrike sake soos die verkeerde hantering van die Bybel by die normering van menslike gedrag, die delikate aangeleentheid van die botsing van pligte en die antitese tussen moralisering en etiese beoordeling word ook aan die orde gestel.

'n Volgende hoofstuk handel oor die ontstaan, kenmerke en indeling van die Dekaloog, sowel as oor die verskil tussen sede- en seremoniële wette. Daarna

word in 10 hoofstukke aan elkeen van die Tien Gebooie aandag gegee en – na 'n bondige eksegese van die relevante gedeelte – word 'n aantal etiese probleme na aanleiding van elke gebod bespreek.

Die slothoofstuk gaan oor die saak of die mens die wet van God kan onderhou; ook oor boesemsondes, vryheid, gebod en gebed.

Aktuele onderwerpe wat na vore gebring word, is die *New Age*-beweging as *gekamoefleerde heidendom*, beeldediens, lotery en dobbel, Sondagsport, aborsie en eutanasie, seksuologie en Vigs, skending van outeursreg, die lokvinkstelsel, valse getuigskrifte, sondige begeertes as teelaarde vir sondige dade en baie ander etiese kwessies.

Die uitstaande verdienste van hierdie omvangrykende werk is daarin geleë dat die skrywer hom telkens op die Skrif en konfessie beroep ter stawing van sy argumente. Hy doen dit egter sonder om op biblisistiese wyse die Bybel bloot as 'n etiese naslaanwerk te gebruik en in moralisering te verval. Gedurende die afgelope dekades is die Skrifberoep in die etiek met eksegetiese of hermeneutiese kunsgrepe gerelativeer; daarom is die skrywer se Skrifgebondenheid 'n verfrissende pluspunt.

Veral insiggewend is die standpunt dat God in sy Woord etiese voorskrifte stel. Hierdie voorskrifte of imperatiewe spruit voort uit die indikatief van God se bevrydende genade. Hierdie uitgangspunt benadruk die teenstelling tussen etiese beoordeling waarin die imperatief op die indikatief volg, en moralisering waarin die wet van die Here losgemaak word van die feit van sy verlossende dade.

Na my mening is die afwesigheid van 'n register van die talle Bybelse verwysings en die gebrek aan 'n alfabetiese lys van onderwerpe groot formele leemtes van die boek. Alhoewel die inhoudsopgawe 'n breë oorsig bied, sou 'n volledige teks- en sakeregister die bestudering van die boek vergemaklik.

De Bruyn se poging verdien ewenwel meer as die gewone aandag van predikante, studente en mense wat met Bybelstudie erns maak. Die boek is slegs in slapband beskikbaar, maar is keurig versorg, teen 'n billike prys te koop, en is ongetwyfeld 'n aanwins vir elke Christen se biblioteek.

CRAFFORD, D. *ed.* **1992. Trail-blazers of the Gospel, Black Pioneers in the Missionary History of Southern Africa.** Bloemfontein : Pro Christo Publikasies. Posbus 19, Bloemfontein 9300. 203p. Prys R38-40.

Resensent: Flip Buys (Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Noord)

Onder blanke Gereformeerdes het daar vir baie jare lank die onbybelse persepsie bestaan (en dit kom selfs plek-plek nog steeds voor) dat sending verkondiging van die evangelie deur blankes aan swartes is.

Behalwe dat die Bybelse onhoudbaarheid van so 'n persepsie lankal reeds bewys is, word die historiese onhoudbaarheid van so 'n standpunt op 'n aangrypende manier in hierdie publikasie bewys.

Swart en gekleurde evangelieverkondigers het nie net die meeste blanke sendelinge vergesel nie, maar het dikwels selfs die pad vir hulle koms voorberei. Reeds in 1825 het gekleurde sendelinge (Jakob Links en Johannes Jager, pioniers van Namakwaland) as martelare vir Christus in die uitvoering van hulle taak gesterf.

In hierdie publikasie word die boeiende lewensverhale van swart pioniers in die sendinggeskiedenis in Suidelike Afrika te boek gestel. Prof. D. Crafford en die Departement Sendingwetenskap aan die Teologiese Fakulteit van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Instituut vir Sendingwetenskaplike Navorsing aan die Universiteit van Pretoria het 'n reuse taak aangepak om gegewens oor die swart pioniers in die sendingwerk in Suidelike Afrika te versamel en in hierdie publikasie saam te voeg.

Vyftien skrywers het meegewerk en artikels gelewer oor pioniers in die Kaap, die beweging van Onafhanklike Kerke, Transvaal, en enkele biografieë van pioniers in Natal, Zimbabwe, Botswana, Malawi en Nigerië. Waardevolle evaluering van hierdie pioniers se werk en metodes is ook ingesluit.

'n Mens word opnuut bewus van die groot werk wat die Here deur die sendingwerk van die Nederduitse Gereformeerde Kerke tot stand laat kom het. Tog word ook die werk van pioniers van die Metodiste en Lutherse Kerk in Transvaal beskryf.

Dit is verblydend om te lees dat hierdie waardevolle navorsing ook steeds verder gaan en dat daar beoog word om in verdere publikasies van hierdie aard ook die werk van pioniers van ander denominasionele agtergronde te beskryf. Daar sal ook vorentoe gepoog word om nie net van blanke historici gebruik te maak nie, maar ook van swart historici om die proses van die totstandkoming en vroeë groei van die Christelike Kerk in Afrika te beskryf.

By die lees van hierdie publikasie word 'n mens se insig in die sending ontsaglik verbreed en jou geloofsverwondering oor die groei van die kerk van Christus verdiep – dikwels op maniere ver bo wat ons bid of dink. Georg Schmidt, een van die Morawiese sendelinge, het byvoorbeeld 'n veelbelowende sendingpoging onder die Khoi-Khoi in 1744 moes verlaat. Hierdie sendingpoging het gevolglik vir byna 50 jaar tot stilstand gekom, totdat die Morawiërs in 1792 terugkeer en die naam Baviaanskloof verander na Genadendal waar groot getalle Khoi-Khoi tot geloof gekom het. Carl Jonas wat blykbaar 'n nasaat was van een van die eerste Christene wat deur Schmidt gedoop is, was vir baie jare 'n getroue helper en word in 1884 – meer as honderd jaar na Schmidt se vertrek – die eerste gekleurde geordende gemeenteleraar van wie vandag besonderhede oor sy jarelange getroue bediening beskikbaar is.

Hierdie inligting vorm dus deel van 'n waardevolle publikasie vir enige gelowige wat wil sien hoe die Here sy kerk in Suidelike Afrika laat groei het en is beslis onmisbaar vir sendelinge en belangstellendes in die Sendingwetenskap. Die feit dat dit in Engels gepubliseer is, maak dit ook vir baie swart lesers toeganklik. Die literatuurverwysings maak die publikasie waardevol vir navorsers wat meer intensief op bepaalde aspekte wil ingaan.

SAINT AUGUSTINE. 1958. On Christian Doctrine. New York : Macmillan. R43-56 169 p (Vertaling D W Robertson Jr.)

Resensent: J.H. van Wyk (Dept. Dogmatologiese Vakke, HTS/PU vir CHO)

Hierdie boek van Augustinus, waaraan hy vanaf ongeveer 396-427 gewerk het, bevat 'n inleiding tot die verstaan en verklaring van die Heilige Skrif (3). Hierdie inleiding is wyd gebruik en het 'n enorme invloed tot in die Middeleeue uitgeoefen.

Wanneer Augustinus vir sy gebruikmaking van die allegoriese metode gekritiseer word, moet daarmee rekening gehou word dat hy kind van sy tyd was en die heersende metode gebruik het. Steeds was hy op soek na die 'dieper sin' van 'n teks (7), 'n metode wat hom noodwendig soms tot eienaardige interpretasies gelei het: soos 'n slang sy kop beskerm en sy liggaam blootstel (Matt. 10:16), so moet die gelowiges hulle hoof Christus beskerm en hulle liggaam aan vervolging blootstel (50); soos 'n slang sy ou vel in nou openings afskud, so moet gelowiges die ou mens in die nou poort afskud (Ef. 4:22) (51).

Beginsels wat in die reformatoriese hermeneutiek gemeengoed geword het, is alreeds by Augustinus terug te vind: lees duister plekke in die lig van duideliker plekke (38, 42, 79, 101, 102); 'n teks moet binne sy (voorafgaande en opvolgen-

de) konteks gelees word (46, 79); vertalings kan belangrike hulpdiens verrig (48) – byvoorbeeld die Septuagint wat 'n geïnspireerde vertaling is (49, 129); sonder geloof (45) en gebed (117) is 'n regte verstaan van die Skrif onmoontlik; die geskiedenis (63) en logika (67) mag ook hulpdiens by die verstaan van die Skrif lewer; sommige dinge word vir alle mense in die algemeen geleer en sommige vir besondere groepe persone (94).

Dit is vir Augustinus 'n uitgemaakte saak dat wie dink dat hy die Skrif verstaan maar nie die liefdesgebod (tot God en die naaste) verstaan nie, die Skrif nié verstaan nie (30). Wie die Skrif lees, moet by die *liefde* uitkom (93). Liefde is vir hom 'n sleutel wat die Skrifboodskap ontsluit (30).

In die laaste deel handel Agustinus hoofsaaklik oor die oordrag van die Bybelboodskap (homiletiek) en gee hy onder andere aandag aan die verskillende voordragstyle. Raak merk hy op dat die lewe van 'n prediker veel groter gewig dra as alle welsprekendheid (164).

Hierdie kort seleksie is bedoel om die belangstelling van lesers op te wek om meer aandag aan hierdie groot teoloog uit Afrika te gee.

VAN DER WALT, B.J. *red.* **Venster op sport: Christelike perspektiewe.**
Potchefstroom : PUCHO/IRS. 343 bll. Prys R30-00.

Resensent: J.H. van Wyk (Dept. Dogmatologiese Vakke, HTS/PU vir CHO)

Veral noudat Suid-Afrika tot internasionale sport hertoegelaat is en daar 'n besondere oplewing en soms oorbeklemtoning in sport plaasvind, moet hierdie versamelwerk van die IRS besonder verwelkom word. Die outeurs skryf vanuit 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing, asook 'n Christelike mensbeskouing (en Godsbeskouing) en handhaaf 'n koningkryksentriese benadering. Die tema van 'alles tot eer van God' loop soos 'n goue draad deur die hele boek.

Bennie van der Walt het die inleidings- en slothoofstukke geskryf. Danie Louw se bydrae oor "Sport in Christelike perspektief" is van besondere gehalte. Wynand Putter het 'n belangrike bydrae gelewer en vyf hoofstukke geskryf oor die wese van sport, oor die teenstander, oor sportreëls, oor opkikkers en (saam met Rina van Zijl) oor geldsport. Henry Eagleton gee waardevolle wenke oor prestasie in sport; Rina van Zijl besin oor die afrigter, asook oor die plek van die vrou in sport; Hans van Zyl skryf oor die toeskouer, asook oor sport as brugbouer. Verdere artikels handel oor sportbestuur (Hannes Botha), Sondagsport (Danie du Toit), aggressie in sport (Gert Scholtz), sport in die gesin (Gary Player), skolesport (Basie Janson), karate (Chris van Niekerk, Johann Smit, Reon du Plooy), sportluibediening (Cassie Carstens) en karikature in sport (Piet

Strauss). 'n Hele aantal artikels bevat handige bronnelyste vir verdere studie. Blykbaar is die studie van T. van der Tas oor *De lichamelijke opvoeding in het licht der Schrift* (1978. Goes: Oosterbaan & Le Cointre) aan die skrywers onbekend.

Hoewel die artikels van wisselende gehalte is, is alle artikels waardevol en leersaam. Die debat oor karate is insiggewend en belangrik. Van Niekerk ('n *nee*-standpunt) verswak egter sy argument deur karate enersyds as "selfverlossingsgodsdiens" (229) en "afgodediens" (231) te tipeer, maar andersyds deelname daaraan as 'n "persoonlike keuse" te beskou (225, 231). Smit (*ja-nee*-standpunt) vergelyk deelname aan karate met die eet van offervleis in Romeine 14: dit kan reg of verkeerd wees (242-244). Du Plooy (*ja*-standpunt) oordeel dat Christene deur die eeue talle heidense gebruike (ook die Olimpiese Spele!) gesekulariseer (ontgoddelik) het en waarom nie ook karate nie (268-271)? Sy argument sou aan krag gewen het indien hy reeds op bl. 255, na die uiteensetting van karate in sy Oosterse gewaad, 'n behoorlike evaluering daarvan gemaak het.

Hoewel in heelwat artikels na boks verwys word, sou 'n spesifieke artikel oor boks as 'sport' die waarde van die bundel verhoog het. Dikwels word na Skrifgegewens verwys – veral na Paulus se sportverwysings – maar die konteks word nie altyd behoorlik verreken nie (71,137). Persoonlik is ek van mening dat sportluibediening, veral wanneer dit georganiseerd en in groepsverband onderneem word, veel meer kerklik (=gemeentelik) georiënteer moet wees as wat van die skrywers van oordeel is (281, 296-297). Sending/evangelisasie is kerklike (=gemeentelike) en nie (buite-)kerklike genootskaplike arbeid nie (Matt. 28:16).

Sport kan gesien word as 'n deel van godsdiens. Die mens moet God in alles dien. *Coram Deo* leef die Christen één lewe voor God. Sy eetgewoontes is nie belangriker as sy slaapgewoontes nie, sy siel nie belangriker as sy liggaam nie, sy slaap nie belangriker as sy sport nie, want oral dien en eer hy God met alles. Deur sy sport kan die sportman mense nader aan God bring.

Danie Craven se versugting dat die boek spoedig in Engels vertaal mag word, is volkome geregverdig.

Die IRS het onder leiding van sy direkteur die soveelste belangrike bydrae gemaak om gelowiges vir hulle roeping in Suid-Afrika toe te rus. Daarvoor dank ons hulle en daarom beveel ons die bestudering van hierdie boek van harte aan.

OUWENEEL, W.J. 1992. Paranormale, okkulte, en demoniese verskynsels.
Potchefstroom : IRS/PU vir CHO. 42p.

Resensent: J.J. Venter (Dept. Filosofie, PU vir CHO)

Die skrywer van hierdie publikasie bespreek verskillende tipes en manifestasies van 'bonatuurlike' (by gebrek aan 'n beter woord) verskynsels en pretensies, en hoe die Christen daarop behoort te reageer. Hy behandel onder andere die alternatiewe geneeskunde (waaronder homeopatie, akupunktuur, ens.), die verskynsels wat in die parapsigologie bestudeer word, Satanisme, asook die wyses waarop 'n mens by hierdie soort praktyke ingetrek kan word en hoe ons weer daarvan bevry kan word.

Die werk is populêr-wetenskaplik, gemaklik leesbaar en bied rigtingwysers vir Christen-leiersfigure (predikante, jeugleiers, ens.) om koers te gee waar hierdie praktyke hulle manifesteer. Die publikasie is geskik as inleidende materiaal vir jeug- en gemeentekampe en om ampsdraers 'n basiese inleiding te gee oor praktyke wat vandag deur meer en meer mense beoefen word.

Die uitgangspunte van hierdie publikasie is in ooreenstemming met die breë reformatoriese tradisie en lewensbeskouing, maar die skrywer poog ook om wetenskaplik veilig en verantwoord te wees. Hy probeer die korrels van die kaf skei deur fyn onderskeidings, waardeur 'n gebalanseerde oordeel tot stand kom – hy waarsku teen die verleidings van die paranormale en die demoniese, maar verval nie in die ekstreme reaksies van sommige Christene, wat aan niks wil raak wat in 'n okkulte konteks verskyn het nie.

Die werkie is aan te beveel vir almal wat 'n insigtelike maar beknopte oorsig oor die betekenis van die 'bonatuurlike' in ons tyd vanuit 'n Bybels-reformatoriese perspektief verwag.